DIREKTE EN INDIREKTE REDE

Direkte rede

Die direkte rede verwys na die **presiese** woorde wat iemand sê of gesê het.

Gebruik die regte punktuasie wanneer jy 'n sin in die direkte rede moet skryf:

- dubbele aanhalingstekens
- dubbelpunt (nie 'n komma nie) voor iemand se direkte woorde
- die eerste letter van die aangehaalde woorde word met 'n hoofletter geskryf
- komma na of voor die naam van die aangesprokene

Voorbeeld: Die onderwyser vra: "Het jy jou huiswerk gedoen, Lisa?"

Indirekte rede

Ons maak gebruik van die indirekte rede om **ander mense se woorde** oor te vertel, byvoorbeeld:

1. Stellings

Sue het gesê: "Ons het Saterdagmiddag gaan ysskaats."
Sue het gesê dat hulle Saterdagmiddag gaan ysskaats het.

Dit is nie altyd nodig om dat te gebruik nie, byvoorbeeld:

Brendon het gesê: "Sit sommer die boeke op die tafel neer."
Brendon het gesê hulle kan sommer die boeke op die tafel neersit.

2. Vrae

Sunette vra: "Was die koek lekker, André?"
Sunette vra vir André of die koek lekker was.

Jonathan vra: "Gaan julle saamkom?"
Jonathan vra of julle gaan saamkom.

3. Bevele

Mnr. Labuschagne: "Kinders, sit en haal uit julle boeke."
Mnr. Labuschagne beveel die kinders om te sit en hulle boeke uit te haal.

In die indirekte rede...

★ word woorde soos ek, jy en ons na hy of sy en hulle verander:

	word	
ek / jy / ons / julle		hy/sy / hulle
my (potlood) / myne		jou (potlood) / joune
sy/haar (pen) / syne/hare		ons (potlode) / ons s'n
julle (potlode) / julle s'n		hulle (potlode) / hulle s'n

★ word tussenwerpsels (uitroepe) se gevoelswaarde omskryf om verbasing, pyn, vreugde, teleurstelling, ens. uit te druk, byvoorbeeld:

"Ag nee, ek kry nie die somme reg nie!" sê Johan.

Johan sê moedeloos / teleurgesteld dat hy nie die somme regkry nie.

★ bly die tyd in die sin dieselfde, bv.:

Stephan het gesê: "Ek is bly die eksamen is verby."

Stephan het gesê dat hy bly is die eksamen is verby.

★ verander woorde wat tyd en plek aandui as die woorde op 'n ander plek of 'n ander tyd oorvertel word, byvoorbeeld:

Simone het gesê: "Ek het gister hierdie paadjie gedraf."

Simone het gesê dat sy die vorige dag daardie paadjie gedraf het.

☆ Nog woorde wat in die indirek verander:

	word	
vandag		daardie dag
vanoggend, ens.		daardie oggend / middag / aand / jaar
gister		die vorige dag
môre		die volgende dag
eergister		twee dae tevore
oormôre		twee dae later
volgende jaar / week		die volgende jaar / week
verlede jaar / week		die vorige jaar / week
gelede		tevore
nou		toe
hierdie		daardie
hier		daar
hierheen / hiernatoe		daarheen / daarnatoe
kom		gaan